UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK III

## DIE DRACHTSTER TYDPERK IN DIE LEWE EN WERK VAN SYTZE WIERDA, 1862-1865

### i. Die betekenis van Drachten in die lewe van Sytze Wierda

Waar die bevolkingsregisters van die verskillende dorpe en stede in Nederland aan die een kant aantoon wanneer 'n betrokke persoon hom vir woon- en werkdoeleindes in 'n besondere dorp of stad gevestig het, word sporadiese besoeke en tydelike verblyf egter nie aangedui nie. In die lig hier= van is dit nie seker of Sytze Wierda omstreeks November 1860 by geleentheid van sy deurreis na die stad Groningen vir die eerste keer met Smallingerland en sy hoofdorp, Drachten, persoonlik kennis gemaak het nie. Volgens familie-oorlewe= ring het hy Drachten daarna by verskillende geleenthede besoek terwyl hy elders werksaam was. Hierdie besoeke het waarskynlik teen die einde van 1860, in 1861 of aan die begin van 1862 vanaf die stad Groningen, die dorp Winsum en Wijnjeterp plaasgevind. Familie-oorlewering verbind sommige van sy besoeke aan Drachten van elders af met die wintermaande, toe hy op skaatse na sy verloofde sou gery het.

Waar sy jare van vakleerlingskap en rondswerwings teen die einde van 1861 hul einde genader het - met 'n laaste, kort en tydelike verblyf in sy Wijnjeterpse ouerhuis - vorm 1862 'n belangrike jaar in Wierda se lewensloop, veral in vergelyking met die voorafgaande jare. Dit was dié jaar waarin hy nie alleen sy vormingsjare en opleiding as timmerman afgesluit en sy loopbaan as volwaardige timmerman in Drachten begin het nie, maar ook dieselfde jaar waarin hy met die dogter van een van die bekende, hardwerkende en gesiene Drachtster gesinne in die huwelik getree het. Ook sy kennis= making en kontak met argitek Duursma, van Drachten, dateer waarskynlik uit dieselfde jaar. Sy studie in die boukunde onder leiding van Duursma vanaf, of kort na, 1862, het die belangrikheid van Drachten in sy lewe en werk verhoog, terwyl sy ontwerp van 'n skoolgebou en onderwyserswoning, wat in die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



begin van die sewentigerjare in Drachten opgerig is, verder daartoe bygedra het om die plek wat Drachten in sy lewe en werk ingeneem het, in herinnering te roep.

Die ongeveer drie jaar waartydens Sytze Wierda in Drachten gewoon en as timmerman gewerk het, in die huwelik getree, 'n gesin gestig het, en tussendeur rusteloos met 'n studie van die boukunde besig was, moet as 'n besonder belang=rike en vormende tydperk in sy lewe en werk beskou word. Wanneer hierdie tydperk in sy lewe in oënskou geneem word, is dit duidelik dat sekere karaktertrekke, bekwaamhede en talente in die lewe van die drie-en-twintigjarige Opsterlander sterk begin ontplooi het en besig was om 'n sekere koers aan sy lewe en werk te gee. Die geleenthede daartoe in Drachten was in die eerste helfte van die sestigerjare besonder guns=tig. Die timmerkneg sou in hierdie tyd nie alleen as vol=waardige timmerman begin werk nie maar ook deur middel van privaat opleiding, selfstudie en praktiese ervaring die verdere grondslae vir sy latere argitekswerksaamhede in Nederland - en vanaf 1887 in die Zuid-Afrikaansche Republiek - deeglik lê.

Drachten het dus in verskillende opsigte 'n belangrike plek in die lewe en werk van Sytze Wierda ingeneem. Die jeugdige Drachtster timmerman sou binne enkele jare sy vlerke uitsprei en in 'n ander omgewing geleenthede benut wat hom in die loop van die volgende twee dekades tot betreklike groot vakkundige hoogtes in sy vaderland en in die stamverwante Zuid-Afrikaansche Republiek sou lei.

ii. Drachten in die sestigerjare van die vorige eeu

Nadat die veenafgrawery in die omgewing van die dorp Drachten vir bykans anderhalfeeu 'n belangrike bestaansmiddel was en baie tot die vooruitgang van die hoofdorp van Smallinger=land bygedra het,[1] het toestande vanaf omstreeks 1800 - toe die veengrawery feitlik ten einde geloop het - 'n afwaartse neiging getoon. Eers teen die helfte van die negentiende eeu het daar 'n nuwe opbloei vir Drachten ingetree. Tot hierdie opbloei het 'n verskeidenheid van industrieë en be=drywe, waaronder meulens, kalkbranderye en tabakfabrieke,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat in 1864 aan 274 arbeiders werk verskaf het, asook die skeepvaart en die handel met sy weekmark, en met Drachten se ontwikkeling tot 'n winkelsentrum, ruimskoots bygedra.[2]

Waar in 1815 die inwonertal van Drachten 2 930 was, het dit in 1850 tot 4 519, in 1860 tot 5 313 en in 1870 tot 5 661 toegeneem, terwyl die inwonertal vir die distrik Smallingerland in sy geheel onderskeidelik 7 245, 8 459 en 9 094 in 1850, 1860 en 1870 was.[3]

Na die Franse tyd (1795-1813), toe Nederland 'n vasal= staat van Frankryk was, het daar 'n tydperk van ekonomiese agteruitgang vir Drachten aangebreek. Die bloeityd van die vervening was terselfdertyd ook vir goed verby. Die nadelige gevolge van die Franse oorheersing en van die Napoleontiese oorloë het hulle terdeë laat voel; die landbou het gekrimp, terwyl die groot laste wat op die landerye gelè het, die landbou vir alle praktiese doeleindes waardeloos gemaak het, met die gevolg dat plase herhaaldelik teen lae pryse van die hand gesit is. Sommige hoewes is noodgedwonge ontruim, terwyl die voormalige eienaars elders teen ongeveer 30 sent per dag in loondiens getree het. Jare lank het die bitterste armoede in die omgewing van Drachten en elders geheers. In Drachten was die koopkrag van die bevolking gering sodat nywerheid en handel geleidelik in 'n toestand van verval geraak het en die mense in toenemende mate in skuld gedompel was. Die enigste bron van inkomste van enige betekenis was vir ge= ruime tyd die graanhandel, veral in dié tyd toe die veeteelt in verval geraak het.

'n Belangrike faktor wat 'n remmende uitwerking op die vooruitgang gehad het, was die swak toestand van die ver= keersweë en die feit dat 'n noodsaaklike verbetering van die lewensbelangrike kanaal agterweë gebly het. 'n Reglement van 13 Junie 1835 in verband met die onderhoud van paaie en strate, het egter in verskillende opsigte 'n verbetering tot stand gebring. 'n Aansienlike verkeersverbetering het in= getree met die aanlê van die verharde weg van Heerenveen oor Drachten na Bergum. As gevolg hiervan is Drachten in die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



pos- en personeverkeer opgeneem. „Postkar en diligence" is geskrywe, „deden hun intrede en werden met vreugde begroet."

iii. Die ekonomiese toestand van Drachten in 1864, toe Sytze Wierda en sy gesin in dié dorp gewoon het


'n Insiggewende beeld van die toestand op ekonomiese gebied in Drachten en omgewing in die eerste helfte van die sestigerjare, toe Sytze Wierda daar as 'n timmerman 'n bestaan probeer maak het, verstrek 'n verslag oor Drachten ten opsigte van 1864. Daarin is gewag gemaak „van een langzaam herstel en zelfs vooruitgang op economisch terrein", en dat „alle ambachten en fabrieken mogen zich verheugen in een bloeienden toestand".

In dieselfde verslag is gegewens verstrek oor 'n groot verskeidenheid ambagte en beroepe wat op daardie tydstip deur 'n groot aantal vakmanne en hul knegte in die dorp be= oefen is, terwyl terselfdertyd ook alle nywerhede met die persone wat daarby as eienaars en knegte betrokke was, aan= gedui word. Hieruit blyk dit dat 301 vakmanne en 186 knegte destyds werksaam was en onderskeie ambagte beoefen het in die verskillende bedrywe.

In die boubedryf, waarby Sytze Wierda betrokke was, was daar in 1864 in Drachten, blykens die aangehaalde „verslag", 10 „aannemers van publieke werken" en 32 knegte werksaam, benewens 3 „scheepstimmerlieden" met 10 knegte, 1 „schrijn= werker", 24 „timmerlieden" met 61 „knechten", terwyl daar melding gemaak word van 1 „bouwmeester", baie waarskynlik D.D. Duursma, wat destyds vir 'n geruime aantal jare die enigste argitek in Drachten was.

Die oplewing in die ekonomiese toestand, wat in 1864 baie duidelik waarneembaar was en waarvan Sytze Wierda, wie se ambag ook in die gepubliseerde lys opgeneem is, bewus moes gewees het, het daarna geleidelik verder verbeter. Die ver= hoogde produktiwiteit van die bodem in die omgewing van Drachten - waar veeteelt en landbou nog altyd die hoofbronne van bestaan vir sy inwoners gevorm het, het 'n opbloei van die maatskaplike lewe tot gevolg gehad. Die gunstige ligging

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van Drachten het ook baie daartoe bygedra om dit algaande 'n belangrike bevolkingsentrum in die Suidooshoek van Friesland te maak.

Net soos voor en na die tyd, waarin Sytze Wierda in Drachten gelewe en gewerk het, het die dorp tydens sy verblyf in die sestigerjare ook die veenkoloniale karakter vertoon, naamlik die dubbele, bykans onafgebroke ry huise langs die hoofkanaal, „vanaf Warme Hoek tot Drachster Pijp", sowel as langs die dwarskanaal. Die eeue-oue kruisvorm het die beeld van Drachten tot omstreeks 1900 volkome beheers. Ook in die tyd van Sytze Wierda het die arms van die kruis in die rigting van noord en suid voortdurend verder uitgestoot.[4]

Dit was dan in Drachten, die hoofdorp van Smallinger= land, waarvan die bevolking steeds besig was om te vermeerder, waar die handel besig was om vooruit te gaan, die landbou en veeteelt 'n belangrike bestaansmiddel was, die industrie, die skeepsbedryf en ambagte werkgeleentheid aan honderde van sy inwoners gebied het en die maatskaplike en kerklike lewe 'n lewendige beeld vertoon het, waar Sytze Wierda hom in 1862 as timmerman gaan vestig het en hy deur sy huwelik opgeneem is in twee van die ou en gesiene Drachster geslagte, te wete die Van der Werff-geslag van skeepsboufaam en die Kamp-geslag wat in vroeër jare, weer op sy beurt, in eersgenoemde inge= trou het.

## iv. Die kennismaking en huwelik met Harmke Tjibbeles Kamp

Sy kennismaking en huwelik met Harmke Tjibbeles Kamp, van Drachten, gebore op 2 Februarie 1839 en 'n dogter van skeepstimmerman Tjibbele Wietzes Kamp en Hinke Ates van der Werff,[5] was 'n belangrike gebeurtenis en keerpunt in die lewe van Sytze Wierda. Dit is egter nie seker op watter tydstip die eerste ontmoeting en kennismaking tussen Sytze Wierda en Harmke Kamp plaasgevind het nie. Dit het waarskynlik gebeur

---

'n Kaart van Noorder-Dragten en Zuider-Dragten (1848) en 'n tekening van die skeepshelling van die Van der Werffs aan die Noorderdwarsvaart, Drachten.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toe hy teen die einde van 1860 vanaf Wijnjeterp sy skredes noordwaarts gerig het op soek na werk in Smallingerland en Groningen en toe hy op sy heen- en terugreis vanaf Groningen en Winsum kennis gemaak het met Drachten en sy inwoners, onder wie die gesin van Tjibbele Wietzes Kamp, wat verbonde was aan die Drachster skeepstimmerbedryf.

Die vriendskapsverhouding in sy aanvangstadium het ver=moedelik saamgeval met die laaste stadium van sy vakleer=lingskap as timmerman en sy tydelike verblyf in Groningen en Winsum. Dit was dan ook teen die einde van 1860 en in die jaar daarna dat Sytze Wierda besoeke aan sy vriendin in Drachten afgelê het, in die wintermaande op skaatse en gedu=rende die somermaande te voet. Soms het die staptogte twaalf uur geduur. Hierdie besoeke van Sytze Wierda aan die Kamp-gesin is waarskynlik voortgesit nadat hy teen die einde van 1861 vir 'n tyd lank na Wijnjeterp teruggekeer en hy tot met sy verhuising na Drachten in 1862 vir die laaste keer by sy moeder ingewoon het.

Die vriendskap tussen Sytze Wierda en Harmke Kamp het tot gevolg gehad dat hy hom kort na die voltooiing van sy vak=leerlingskap as timmerman in Groningen en Winsum, en sy tyde=like verblyf in Wijnjeterp, op Drachten gaan vestig en op 22 Februarie 1862 sy intrek by sy aanstaande skoonouers in „numero 10, Wijk K" geneem het,[6] terwyl hy vermoedelik terselfdertyd as timmerman by 'n Drachster werkgewer in diens getree het.[7]

Oor die skoolloopbaan van Harmke Tjibbeles Kamp kan baie weinig meegedeel word en dit is nie seker of, en hoe lank, sy een van die destyds bestaande Drachster laerskole, „De Buurt=school" aan die oostekant van die hoofbrug, die skool aan die Noorderdwarsvaart in Noord-Drachten, of die skool in Zuid-Drachten, besoek het.[8]

Sy het haar jeugjare in Drachten onder rustige en ge=lukkige huislike omstandighede deurgebring, te midde van 'n groot gesin, bestaande uit die ouerpaar, vyf Van der Werff- en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



drie Kamp-kinders, terwyl haar naskoolse jongmeisiejare in haar ouerhuis bestee is om haar moeder tuis in die huishou= ding te help, waar sy al die aspekte daarvan deeglik geleer en haar daarbenewens deur selfontwikkeling bekwaam het vir die taak wat haar as vrou van Sytze Wierda en moeder van hul kinders voor die deur gestaan het.

Uit die briewe wat van haar bewaar gebly het kan die afleiding gemaak word dat sy op skool of deur tuisonderrig, onder andere goed leer lees en skrywe het. Haar briewe gee blyke dat sy in staat was om haar gedagtes op 'n betreklike flink en keurige wyse op skrif te stel, terwyl sommige van haar briewe haar bepeinsinge oor haar godsdienstige belewe= nisse en reaksies teenoor lewensituasies goed weergegee het. Die godsdiensonderrig en opvoeding wat sy tuis, op skool en deur middel van katkisasie-onderrig in haar Kerk ontvang het, word op treffende wyse in haar briewe weerspieël. Blykens haar briewe was sy deur haar hele lewe in elke opsig 'n opregte Christin en gelowige mens, waardeur sy in die afwis= selende lewensomstandighede van haar ouers, haar eggenoot en haar kinders steeds vermanend, bemoedigend en vertroostend opgetree het en sodoende vir haar gesinslede tot groot steun was.[9]

Nadat die afkondiging van die voorgenome huwelik tussen Sytze Wierda, die 23-jarige Drachtster timmerman, en die ewe-oue, beroeplose Harmke Kamp, op Sondagmiddae, 2 en 9 Maart 1862 om 12 nm. by wyse van 'n kennisgewing aan die hoofdeure van die munisipale kantore van Beetsterzwaag en Drachten plaasgevind het en daarteen geen besware geopper is nie,[10] is die huweliksakte vervolgens op 15 Maart 1862 deur 'n amp= tenaar van die „Burgerlijken Stand" van die munisipaliteit van Smallingerland opgestel.[11]

Deur haar huwelik met die Opsterlander het die geluk= kige en beskermde lewe van Harmke Kamp in haar ouerhuis - ten spyte van die armoede wat in daardie jare in Nederland geheers het - in Maart 1862 tot 'n einde gekom. Haar ver= huising na 'n eie huurhuis kort daarna, en mettertyd na

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Zuid-Drachten, sou agtereenvolgens gevolg word deur ver= huisings na Enschedé, Lonneker, Alkmaar, Amsterdam en uit= eindelik in 1887 na Pretoria en mettertyd na ander stede in Suid-Afrika.

v. Verandering in die kerkverband van Sytze Wierda

Dit is opmerklik dat die ouers en die res van die Op= sterlandse familielede van Sytze Wierda - hy inkluis - in die tienjaarlikse volstellings ten opsigte van kerkverband, gereeld as behorende tot die Nederduitsch Hervormde Kerk aangedui word. Soos reeds in een van die vorige hoofstukke aangetoon is, het die ouers van Sytze Wierda in werklikheid egter eers in 1850 op middeljarige leeftyd belydende lidmate van die Neder= duitsch Hervormde Kerk geword.

Ofskoon die kerkverband van Sytze Wierda sowel as dié van sy broers en susters in die owerheidsdokumente as Neder= duitsch Hervormd aangedui word, kon daar nie vasgestel word in watter gemeente en op watter tydstip hy, ná katkisasie en aflegging van geloofsbelydenis, belydende lidmaat van dié Kerk geword het nie. Die moontlikheid bestaan dat hy nie voor 1862 belydende lidmaat van die Kerk van sy ouers en familie was nie, maar daarenteen belydende lidmaat van die Christelijke Afgescheiden Kerk van Drachten geword het na sy ontmoeting van en kennismaking met Harmke Kamp en voor hul huwelik in Maart 1862.

Deur sy lidmaatwording van die Christelijke Afgescheiden Kerk, vroeg in die sestigerjare, het Sytze Wierda sy lot in= gewerp by die Christelijke Afgescheiden Gemeente te Drachten, wat op 14 Junie 1844 gestig en waarvan die eerste vier kerk= raadslede by dieselfde geleentheid deur ds. T.F. de Haan in hul onderskeie ampte bevestig is. Die gemeente het voort= gekom uit die kerklike beweging of „Afscheiding" van 1834, onder leiding van ds. Hendrik de Cock, van Ulrum, wat tot in Smallingerland deurgedring het deur die optrede van ds. Simon van Velzen in Desember 1835.

Die begin van die „Afscheiding" in Smallingerland was „zeer klein". Die volksmassa in die Woudstreek van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Friesland was destyds grotendeels van die Nederduitsch Her= vormde Kerk vervreem, terwyl onkunde geheers, onverskillig= heid ten opsigte van geestelike sake die oorhand gekry en verwildering sowel as verruwing ingetree het.

Hul eerste bymekaarkomplek was 'n „half-verscholen" skuur, geleë aan die Noorderdwarsvaart, wat aan A. van der Werff behoort het en waar ds. J.G. Huiskes, van Oudega, op 'n weeksaand die Evangelie verkondig het. Origens was hul voorgangers manne uit die volk en sonder enige opleiding. Finansieel was die gemeente swak.

Ofskoon die eerste „Afgescheidenen" in Drachten vir die merendeel ongeletterde mense was, is hulle gedra deur 'n diep gevoelde oortuiging.

Die jong Christelijke Afgescheiden Gemeente te Drachten het hom van die begin af deur groot aktiwiteit onderskei. Die gemeentelede het spoedig tot die oortuiging gekom dat hulle nie agteraf moes bly sit in 'n halfverskuilde skuur nie, maar 'n eie kerkgebou moes oprig. 'n Perseel is in Noord-Drachten gekoop en reeds in 1844 het die gemeente sy netjiese kerkgebou, opgerig aan die pragtige hoofweg, in gebruik ge= neem. Ook is 'n pastorie aangeskaf.

Op 23 Februarie 1845 is ds. J.G. Huiskes, van Oudega, ontvang as eerste predikant van die Christelijke Afgescheiden Gemeente te Drachten. Hy is egter reeds in 1848 oorlede, nadat hy op 11 Mei 1845, kort na die aanvang van sy bediening, die doop aan die sesjarige Harmke Tjibbeles en die agtjarige Jan Tjibbeles Kamp bedien het en tydens sy verblyf in Oudega en Drachten 'n gewaardeerde geestelike leidsman vir die Kamp-gesin was.

Die opvolger van ds. Huiskes was ds. R. Scheunink ten Have, wat op 27 Mei 1849 as predikant van die Christelijke Afgescheiden Gemeente te Drachten bevestig is en daar tot met sy aftrede in 1871 gearbei het. Dit was tydens sy diens= tyd dat Sytze Wierda hom in Drachten gevestig, belydende lidmaat van die Christelijke Afgescheiden Kerk geword en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met Harmke Kamp in die huwelik getree het, terwyl hul oudste kind ook deur hom gedoop is.[12]

Die gesin van Tjibbele Wietzes Kamp, waarvan Sytze Wierda in 1862 deur sy huwelik deel geword het, was almal lidmate van die Christelijke Afgescheiden Gemeente te Drachten, met die uitsondering van Pieter Haikes van der Werff, die inwo= nende kleinseun - wat later die bestuur van die skeepswerf aan die Noorderdwarsvaart oorgeneem het - van wie die kerk= verband in die bevolkingsregister as Nederduitsch Hervormd vermeld word.[13]

Deur sy huwelik met die 23-jarige Harmke Tjibbeles Kamp, het die ewe-oue, vakbekwame seun van 'n Opsterlandse los-vas arbeider met 'n Nederduitsch Hervormde Kerk-agtergrond, vanaf Maart 1862 deel geword van 'n Drachtster familie met 'n lang tradisie as skeepvaartbouers, en - in teenstelling met die Wierda-familie - een met 'n „Doopgezinde" en „Christelijke Afgescheiden" kerklike agtergrond. Finaal losgemaak van sy Opsterlandse geboortestreek en Nederduitsch Hervormde Kerk= verband, is Sytze Wierda opgeneem in 'n bekende en hardwerken= de Drachtster gesin, wie se huislike lewe gekenmerk is deur 'n Christelike lewenswandel, die vrug van hul lidmaatskap van die Doopgesinde en Christelijke Afgescheiden Kerke. In hierdie milieu en onder hierdie mense sou die jonggetroude timmerman vir die volgende drie jaar lewe en werk en verder gevorm word vir die opsigterstaak en argitekswerk wat op hom gewag het.

Hierdie rigting wat nou deur Sytze Wierda ingeslaan is, sou hom op argitektoniese gebied in steeds nouer aanraking bring met die Gereformeerde bevolkingsgroep in Nederland. Hierdie aanraking en inskakeling sou daartoe lei dat hy die werkkring in sy geboorteland met dié in die Zuid-Afrikaansche Republiek sou verwissel waar hy en sy kunssinnige aanleg tot volle ontplooiing sou kom. Hierdie ontwikkelingsgang is ondenkbaar sonder die vérstrekkende invloed van sy vrou en haar familie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vi. Die werkgewers van Sytze Wierda in Drachten

Ofskoon daar in 1864 10 „aannemers van publieke werken" met 32 knegte, 3 „scheepstimmerlieden" met 10 knegte, 1 „schrijnwerker" en 24 „timmerlieden" met 61 knegte in Drachten bedrywig was,[14] en die getalle ten tyde van Sytze Wierda se vestiging en verblyf in Drachten vanaf 1862 tot 1865 ongeveer dieselfde moes gewees het, bestaan daar verskil van mening, eerstens oor die vraag of hy by 'n aannemer, timmerman of skeepstimmerman in diens getree het, en tweedens, by watter van die destydse Drachtster aannemers, timmerliede of skeepstimmermanne hy in 1862 werk as timmerman aanvaar het.

Aangesien sy skoonvader, Tjibbele Wietzes Kamp wat kragtens sy huwelik met die weduwee Van der Werff in 1831, in gedeeltelike besit en beheer gekom het van die lang gevestigde en bedrywige Van der Werff-skeepswerf aan die Noorderdwarsvaart, sou mens geneig wees om te dink dat Sytze Wierda - indien hy deur Tjibbele Wietzes Kamp en sy eggenote as skeepstimmerman in diens geneem sou gewees het[15] - in 1862 en daarna in 'n baie gunstige posisie verkeer het om sy voltooide opleiding as timmerman en ervaring in diens te stel van die skeepswerf van sy skoonouers met die vooruitsig om mettertyd die beheer en bestuur van die bekende skeepshelling van die Van der Werff- en Kamp-families in sy eie hande te neem.

Daar moet egter rekening gehou word met die familieoorlewering wat geen lig werp op die vraag of Sytze Wierda as skeepstimmerman in diens van sy skoonvader getree het of nie.

'n Moontlike verklaring waarom Sytze Wierda nie as skeepstimmerman in diens van sy skoonvader getree het nie met die oog daarop om ná die aftrede van sy skoonouers self eienaar van die skeepswerf te word, is dat Pieter Haikes van der Werff (1845-1900), die kleinseun van Hinke Ates van Veen-Van der Werff en tewens stiefkleinseun van Tjibbele Wietzes Kamp, die bestuur van die skeepshelling aan die Noorderdwarsvaart oorgeneem het na die aftrede van die egpaar Kamp en die skeepstimmerbedryf weer 'n keer in die naam

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van 'n Van der Werff voortgesit het.[16] Sodoende het die skeepshelling na 'n tydelike onderbreking van 'n paar dekades weer 'n keer in die besit gekom van 'n lid van die Van der Werff-familie.[17] Vermoedelik was die 17-jarige Pieter Haikes van der Werff reeds as leerling-skeepstimmerman by sy groot=moeder en stief-grootvader werksaam toe Sytze Wierda in 1862 op die toneel verskyn het. Die moontlikheid bestaan dat daar reeds voor die koms van Sytze Wierda na Drachten 'n verstandhouding tussen die Kamp-egpaar was dat Pieter Haikes van der Werff mettertyd wanneer hulle uit die aktiewe bestuur van die skeepstimmerwerf sou tree, die familiesaak sou voort=sit. Die aanvanklike voorneme van die Kamp-egpaar het dan ook werklikheid geword „toen ten slotte Tjibbele Kamp en zijn vrou, Hinke van Veen, ging rentenieren".[18]

Bevestiging kon nie gekry word vir die vermoede dat Sytze Wierda vir 'n tyd lank werksaam was by die Drachtster skeepsboufirma Roorda nie.[19]

Die twee ander moontlike soorte werkgewers by wie Sytze Wierda in diens kon getree het, was die „aannemers van publieke werken" en die „timmerlieden", ofskoon daar ook rekening gehou moet word met die vae moontlikheid dat hy, tydens sy kortstondige verblyf in Drachten, as selfstandige timmerman kon opgetree het en dat hy op sy beurt timmerknegte en timmerliede in diens kon gehad het. In so 'n geval kon hy in 1864 een van die 24 „timmerlieden" gewees het wat des=tyds in Drachten werksaam was.

Indien daar ten opsigte van sy Drachtster werkgewer peil getrek kan word op 'n mondelingse familie-oorlewering, het Sytze Wierda tydens sy verblyf in Drachten as timmerman in diens getree van die aannemer Wietsma. Die Burgemeester van Smallingerland skrywe dat hy van D. van der Werff intussen nog die mededeling ontvang het „dat er een relatie bestond tussen de heer S.W. Wierda en de aannemer Wietsma, die de Chr. School aan het Oosteinde bouwde. Die heer Van der Werff en zijn zuster menen zich uit wat hun ouders vroeger hebben verteld, te herinneren: dat Wierda als timmerman

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



werkzaam was bij Wietsma. Ook menen zij te weten dat een zoon van Wietsma later bij Wierda in opleiding is geweest in Zuid-Afrika. De familie Wietsma was namelijk evenals de familie Kamp verwant aan de familie Van der Werff."[20]

In antwoord op 'n navraag het D.L. van der Werff egter die mening gehuldig dat „over Wierda met zekerheid te schrij= ven, is moeilijk. Van vader hoorden wij vroeger zo het een en ander. En ik meen dat Wierda in Drachten bij een aan= nemer Wietsma gewerkt heeft."[21]

Die aannemer Wietsma, na wie verwys word, was blykbaar Wietze Eits Wietzema of sy seun, Eit Wietzema. Die vader is gebore op 2 Junie 1810 te Drachten-Zuid en oorlede op 30 Mei 1876. Hy was van beroep 'n timmerman-aannemer aan die Moleneind, N.Z. te Drachten. Sy seun, Eit Wietzema, is gebore op 13 September 1836 te Drachten en op 8 November 1889 te Groningen oorlede. Hy is op 23 April 1861 te Drachten getroud met Minke Eelkema (bakkersdochter). Net soos in die geval van sy vader, was Eit Wietzema van beroep ook timmermanaannemer te Drachten. Blykens die bevolkingsregis= ter van Groningen is vyf kinders uit bogenoemde huwelik gebore. Een van die seuns, Bartele Wietzema, gebore op 24 Desember 1875 te Groningen, het op 29 April 1899 na Pretoria vertrek.[22]

Indien Sytze Wierda dus as timmerman in diens van 'n bouaannemer Wietzema van Drachten was, kon dit óf in die diens van Wietze Eits Wietzema (1810-1876) of in diens van sy seun, Eit Wietzema (1836-1889), 'n ouer tydgenoot van Sytze Wierda, gewees het. Die feit dat Bartele Wietzema, 'n seun van Eit Wietzema, in April 1899 vertrek het na Pretoria, hoofstad van die Zuid-Afrikaansche Republiek, waar Sytze Wierda destyds „Hoofd van Publieke Werken" was, mag daarop dui dat Sytze Wierda tydens sy verblyf in Drachten, in een of ander ver= houding tot sy vader of grootvader gestaan het, moontlik in die verhouding van timmerman in diens van Wietzema.

vii. <u>Die verblyf van die Wierda-gesin in Drachten, 1862-1865</u>

Nadat Sytze Wierda reeds vanaf 22 Februarie 1862 sy intrek by sy aanstaande skoonouers in Noord-Drachten geneem

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het, het hy en sy eggenote na hul huwelik op 15 Maart 1862, vir 'n tyd lank nog by hul ouers bly woon.

Op 13 Mei 1862, nadat die jong egpaar vir twee maande by hul ouers ingewoon het, het hulle verhuis na 'n gehuurde woning elders in Noord-Drachten.[23] Die verhuising het saam=geval met die huwelik van Jan Tjibbeles Kamp, die ouer broer van Harmke Wierda-Kamp, op 23 Mei 1862.[24]

Terwyl die gesin in Noord-Drachten gewoon het, is hul eerste kind, 'n seun, gebore, wat egter by geboorte oorlede is.[25] Daarna is hul oudste dogter, Pietertje Sytzes Wierda, op 26 Januarie 1864 gebore.[26]

Vir bykans drie jaar het die Wierda-gesin in Noord-Drachten gewoon, totdat die ouerpaar en hul een jaar-oue dog=ter op 18 Mei 1865 na Zuid-Drachten verhuis het.[27]

In Zuid-Drachten het hulle bly woon totdat hulle op 21 November 1865 na Enschedé, in die provinsie Overijssel vertrek het.[28] Daar bestaan egter 'n moontlikheid dat Sytze Wierda reeds voor die amptelike vertrekdatum uit Zuid-Drachten, na die provinsie Overijssel vertrek het op soek na werk of die aanvaarding van 'n toegesegde betrekking by een van die kon=trakteurs by die aanleg van staatspoorweë in die provinsie Overijssel, 'n vertrek uit Drachten en Smallingerland wat in die verdere lewensverloop van die Wierda-gesin 'n hele ver=andering teweeggebring het.

Met die vertrek van die Wierda-gesin uit Drachten in November 1865, is die bande wat die gesin aan Drachten gebind het, verbreek. Deurdat familiebande hulle nog tot 'n mate aan Drachten gebind het, het hulle vanuit hul nuwe woonplekke algaande nog gereeld briefwisseling met familielede onderhou en in die jare wat op hul vertrek in November 1865 gevolg het, het hulle ook gereeld by hul ouers, familie en bekendes besoeke afgelê. Na die dood van die moeder van Harmke Wierda in 1880 en die verhuising kort daarna van Tjibbele Wietzes Kamp na sy kinders in Amsterdam, het die bande met Drachten egter losser geword.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



viii. Onderrig in die boukunde aan die tekenskool van Drachten

Volgens 'n familie-oorlewering sou Sytze Wierda sy ver=blyf in Drachten benut het deur onderrig in die boukunde van argitek Duursma te ontvang. Wanneer daar in September 1865 - kort na sy verhuising vanaf Drachten na Hengelo - gunstig geoordeel word oor sy konstruktiewe kennis en geskiktheid vir 'n opsigterspos by die aanleg van staatspoorweë, verwys word na sy „maken van teekeningen, uitslagen en details op het station Hengelo", en voorts ook klem gelê word op die aan=stelling van 'n opsigter wat ervare is in konstruksie en teken, kan die afleiding gemaak word dat Sytze Wierda, naas sy praktiese ervaring as timmermansleerling en volwaardige timmerman, tot met sy koms na Hengelo deeglike onderrig in die teoretiese aspekte van sy ambag moes ontvang het. Voorts kan ook die gevolgtrekking gemaak word dat die familie-oorlewering in verband met sy onderrig in die boukunde blykbaar op goeie gronde berus.

Waar daar aan die een kant aanvaar kan word dat Sytze Wierda, net soos in die geval van 'n aantal van sy tydgenote wat hulle as opsigters, boukundiges, argitekte en ingenieurs bekwaam het, in die eerste plek 'n outodidak was wat sy teoretiese kennis gaandeweg deur middel van 'n studie van boekwerke oor die boukunde, boukundige tydskrifte en plaatwerke uitgebrei het, moet daar ook rekening gehou word met die moontlikheid dat hy sy teoretiese kennis en insigte as 'n leerling van die volksindustrieskool van Groningen en ander na-uurse opleidingsinstitute kon vermeerder het.

Wanneer hy in 1882 meegedeel het dat sy opleiding sowel prakties as teoreties was en dat hy in 'n posisie verkeer het om algaande by sy verworwe kennis, meer kennis te voeg, behoort daar geen twyfel te bestaan dat die onderrig in die

---

Drachten, die hoofdorp van Smallingerland, soos dit in die tweede helfte van die 19de eeu daar uitgesien het. Die dubbelverdieping „gemeentehuis" waar Sytze Wierda en Harmke Kamp in 1862 in die huwelik bevestig is, kan op die middel van die foto gesien het. Bo ~~Onder~~ 'n foto van D.D. Duursma, Stadsargitek van Drachten en leermeester van Sytze Wierda.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



boukunde aan die tekenskool van Drachten deur die „gemeente-architect", naas 'n moontlike vier maandelange onderrig aan die volksindustrieskool van Groningen, 'n belangrike rol in sy vorming as boukundige gespeel het. Wat die presiese aard en inhoud van die onderrig in boukunde aan die Drachtster tekenskool was, kan egter nie met sekerheid gesê word nie.

ix. Die tekenskool van Drachten

Met die ontstaan in 1806 van die Departement Drachten van die „Maatschappij tot Nut van 't Algemeen" was die doel - soos dit vanaf sy stigting in 1784 die geval was - om kennis te versprei onder die Nederlandse burgery en die minderbevoorregtes in die besonder.[29]

Tekenonderwys in die vorm van handtekene, tekenkunde, boutekenkunde of boukundige tekene, perspektieftekene en boukunde of argitektuur, is van vroeg af in die bestaan van die tekenskool, ook genoem tekeninstitute en tekenkolleges, aan dié na-uurse opleidingsinstitute onderrig, met die oog op die bevordering van nuttige kunste, waaronder boukunde besondere aandag gekry het.[30]

In verskillende „Koninklijke Besluiten" wat oor die tekenskole gehandel het, is verwys na „onderwijs in de gronden van de tekenkunde, bijzonder in die van de menschbeeld en in de grondbeginselen der bouwkunde". Op soveel plekke as moontlik sou tekenskole gestig word en nie alleen die jeug nie maar ook handwerksmanne moes dié onderwys geniet. Die merendeel van die tekenskole was daarom ook toeganklik vir jongelinge en ambagsmanne uit die laer volksklasse. Voorsiening is veral gemaak vir persone uit die arbeiderstand en voorkeur is gegee aan behoeftige kinders en kinders van „minvermogendes".

Die tekenskool in Drachten het in die jare 1841 tot 1860 tot stand gekom en was waarskynlik uitsluitlik boukundig gerig. Veral „bouwkundig tekenen" is van belang vir toekomstige ambagsliede geag. Ofskoon tekenonderwys 'n sentrale plek by die Drachster tekenskool ingeneem het, is

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ander nuttige vakke moontlik ook aan die jongelui en ambags=manne onderrig.

Die tekenskole was feitlik uitsluitlik instellings vir teoretiese onderrig by wyse van aandklasse, en in die meeste gevalle net gedurende die wintermaande. Die tekenskole het in die eerste plek voorsiening gemaak vir die behoeftes van die boukundige beroep in ruime sin, terwyl die opleidings=doelstelling die bybring van teken- en konstruksievaardigheid was. Die praktiese ervaring wat Sytze Wierda as timmermans=leerling en as volwaardige timmerman in Appelscha, Groningen, Winsum, Drachten en elders in die vyftiger- en sestigerjare opgedoen het, en die teoretiese kennis wat hy tuis, moontlik aan die volksindustrieskool van Groningen maar veral aan die Drachtster tekenskool ontvang het, was van so 'n aard dat hy in staat was om sy werk op Hengelostasie in die tweede helfte van 1865 op so 'n wyse te doen, dat hy deur 'n hoë amptenaar van die staatsaanleg van spoorweë raakgesien en vir 'n betrek=king as buitengewone opsigter by die aanleg aanbeveel is. Dit is duidelik dat hy naas sy praktiese ervaring op die gebied van timmerwerk, wat oor 'n hele aantal jare gestrek het, ook 'n deeglike teoretiese opleiding moes geniet het. Die persoon wat 'n belangrike aandeel gehad het in die uit=breiding van die teoretiese kennis van Sytze Wierda op die gebied van boukunde, was die „gemeente-architect" van Drachten.

x. <u>Onderrig in die argitektuur en aanverwante vakke deur argitek Duursma</u>

Durk Djurres Duursma is op 9 Junie 1826 te Zuider-Drachten gebore en was dus bykans dertien jaar ouer as Sytze Wierda. Behalwe die berig oor sy dood op 24 Maart 1906, wat in die „Drachtster Courant" verskyn het, bevat die ou jaar=gange van dieselfde koerant geen lewensbeskrywing of ander besonderhede oor die lewe en werk van argitek Duursma nie. En tog was hy jare lank een van die vooraanstaande ingesetenes van Drachten en vanaf die vyftigerjare ook „gemeente-architect" van sy tuisdorp.

Duursma het sy opleiding as argitek in Leeuwarden geniet. Daarna het hy sy teoretiese kennis van die argitektuur deur

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



selfstudie uitgebrei. Benewens sy werk as stadsargitek van Drachten het hy ook bekendheid verwerf as ontwerper van private woonhuise, 'n gasfabriek, skoolgeboue met onderwysers=wonings en 'n kerkgebou vir die Nederduitsch Hervormde Ge=meente Nijega. Sy tydgenote het hom ook geken as 'n persoon wat besondere belangstelling in die tegniek aan die dag gelê het. 'n Groot aantal van sy nuttige uitvindings is vanaf 1853 op die plaaslike landboutentoonstellings tentoongestel.[31]

'n Aantal jare na sy kennismaking met stadsargitek Duurs=ma het Sytze Wierda 'n „circulair kachel" wat deur hom ontwerp is op een van die Drachtster tentoonstellings uitgestal en daarmee 'n prys verower. Die vraag kan gestel word of Sytze Wierda se belangstelling in die tegniek te danke was aan die invloed van sy leermeester met sy aanleg en voorliefde vir die tegniek.

Ingenieur Wopke Johannes van der Meulen, van Zwolle, 'n sewentigjarige kleinseun van Duursma, wat inligting oor die tekenskool van sy grootvader gegee en verwys het na Roukema en Van Manen wat in Drachten lesse in die boukunde van stadsargitek Duursma ontvang het, was nie in staat om inlig=ting te verstrek of Sytze Wierda ook een van 'n aantal plaas=like, leergierige timmermanne en opsigters was wat deur Duursma aan sy tekenskool onderrig is nie. Sytze Wierda se studie in die boukunde onder leiding van stadsargitek Duursma word egter deur 'n familie-oorlewering lewendig gehou. Daarom kan dit met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat Duursma as hoof van die Drachtster tekenskool - wat deur stadsargitek Wibbelink, sy opvolger, voortgesit is en as opleidingsinstituut vir boukundiges en argitekte gedien het - een van die gewaardeerde leermeesters van Sytze Wierda in die boukunde was.

Dit was dan ook die onderrig wat hy in die eerste helfte van die sestigerjare in Drachten van stadsargitek Duursma ontvang het, wat Sytze Wierda vanaf die tweede helfte van daardie jare in staat gestel het om hom vir bykans twintig jaar as patentvoerende boukundige en argitek met 'n redelike

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mate van sukses as skeppende kunstenaar op die gebied van die boukuns in Nederland te laat geld.[32]

xi. Bronneverwysings en toeligtende voetnote

1. Johan Jacob Spahr van der Hoek: Samenleven in Friesland, pp.137 en 117.

2. J.H. Brouwer (hoofred.): Encyclopedie van Friesland, p.265.

3. Herdenkingscommissie: Smellingera-land, pp.230, 352 en 349; J.H. Brouwer (hoofred.): Encyclopedie van Friesland, p.265.

4. Herdenkingscommissie: Smellingera-land, pp.338-339, 344, 351-354, 356-358, 360-361; Johan Jacob Spahr van der Hoek: Samenleven in Friesland, pp.141-142.

5. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 9: Burgemeester van Smallingerland - H.M. Rex, 31.5.1968; R.A. (F.), SMA 18/18: Geboorteregistrasie deur die vader, Tjibbele Wietzes Kamp, 4.2.1839, p.10.

6. A.(F.), SMA 18/18: Register van Geboorten, 1839, p.10; G.A. (SMA.), B.A.: Bevolkingsregister van Noord-Drachten, 1861-1880, 2e Deel, p.578. Aangesien straatnommering destyds nog nie in gebruik was nie, was die aanduiding van woonadresse volgens wyke.

7. G.A. (SMA.), B.A.: Bevolkingsregister van Noord-Drachten, 1861-1880, 2e Deel, p.578; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 9: Burgemeester van Smalleringland - H.M. Rex, 31.5.1968. Wanneer die Bevolkingsregister van Noord-Drachten t.o.v. die inskrywings m.b.t. Sytze Wierda krities beskou word, blyk dit, onder andere, dat daar geen melding gemaak word van Sytze Wierda se tydelike verblyf in Groningen en Winsum (1860-1861) nie. Dit verklaar ook waarom die Burgemeester van Smallingerland in sy briewe skrywe dat alvorens Sytze Wierda hom op 22.2.1862 in Drachten gaan vestig het en sy intrek by sy aanstaande skoonouers geneem het, „woonde hij te Wijnjeterp".

8. Duurk Dijkstra: Aanteekeningen betreffende de Onderwijs en Volksvoorlichting (Herdenkingscommissie: Smellingera-land, pp.450-451).

9. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, A, 2, 3, 6-10, 12-16, 18, 22, 23, 25, 29, 33, 35 en 36: Harmke Wierda-Kamp - Aan verskillende persone by verskillende geleenthede, 1874-1912. Veral aangrypend is die brief wat sy na die afsterwe van haar man aan familielede geskryf het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



10. G.A. (SMA.), B.A.: Huwelijken, 1862, No. 5, Certificaat, Beetsterzwaag, 12.3.1862, p.5.

11. R.A. (F.), SMA 1860-1862: „Register voor de Aangaven van Huwelijken in de Gemeente Smallingerland", 15.3.1862; R.A. (F.), OPS (14): Bijlagen bij huwelijk van Wierda-Kamp, p.21; G.A. (SMA.), B.A.: Register van Huwelijken, 1862, No. 5, p.5; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp. VI, iv, 9 en 10: Burgemeester van Smallingerland - H.M. Rex, 31.5.1968; M. van der Meulen - H.M. Rex, Mei 1968.

12. J. Douma: De Gereformeerde Kerk van Drachten (Her= denkingscommissie: Smellingera-land, pp.406-408 en 413); H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 12: P.H. van der Werff - H.M. Rex, 13.9.1968; De Friesche Kerkbode, s.d., +- 1958 (Geschiedenis der Gereformeerde Kerk te Drachten, samengesteld uit oude notulen en kasboeken); K.A. (Ger. D.): Doopregister, onder datum 11.5.1845. Blykens die brief van P.H. van der Werff is die samekomste van die Christelijke Afgescheiden Gemeente van Drachten vanaf 1834 tot 1844 gehou in die skuur van Tjibbele Wietzes Kamp en sy eggenote aan die Noorderdwarsvaart.

13. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 9: Burge= meester van Smallingerland - H.M. Rex, 31.5.1968.

14. Herdenkingscommissie: Smallingerland, pp.352-354.

15. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 9: Burge= meester van Smallingerland - H.M. Rex, 31.5.1968.

16. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 12 en 9: P.H. van der Werff - H.M. Rex, 6.10.1968, Burgemeester van Smallingerland - H.M. Rex, 31.5.1968. Van der Werff skrywe: „Ik vermoed niet dat Wierda op de helling heeft gewerkt."

17. A. Hof: De Industrie van Drachten (Herdenkingscommis= sie: Smellingera-land, p.487).

18. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 12: P.H. van der Werff - H.M. Rex, 6.10.1968.

19. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Onderhoude, VI, iii, 6: Mnr. Bonnema, van Drachten. Hy het die vermoede op 24.8.1971 tydens sy besoek aan Pretoria teenoor skrywer uitgespreek.

20. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 9: Burge= meester van Smallingerland - H.M. Rex, 31.5.1968, naskrif.

21. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 11: D.L. van der Werff - H.M. Rex, 28.10.1968.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



22. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 9: Burgemeester van Smallingerland - H.M. Rex, 4.3.1969; K.A. (Ned. Herv. Pta.): Lidmaten Register, vanaf 1887, Ned. Herv. Gem. Pretoria (Dorp), p.57. Die inskrywing in die lidmateregister lui as volg: „Bartlé Wietzema, met attestatie ingekomen, N.H. Gemeente te Groningen, Oct. '97." Laasgenoemde datum het blykbaar betrekking gehad op die uitreiking van die attestaat deur die Groningse Ned. Hervormde Gemeente. Wat die aard van Bartlé Wietzema se werk in Pretoria of elders in die Republiek was, en ook sy verdere lotgevalle in die Republiek, is nie bekend nie. Hy was egter nie in diens van die Departement van Publieke Werke van die Zuid-Afrikaansche Republiek nie.

23. G.A. (SMA.), B.A.: Bevolkingsregister van Noord-Drachten, 1861-1880, 2e Deel, pp.578 en 594. Op e.g. bladsy word die volgnommer van Sytze Wierda as Nr. 5 aangegee, en dié van die Kamp-gesin (vader, moeder, seun en dogter) as nrs. 1 t/m 4. Dit dui daarop dat die Wierda-egpaar na hul huwelik op die betrokke woonadres van die Kamp-gesin bly woon het tot met hul vertrek na hul eie huurhuis elders in Noord-Drachten.

24. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 9: Burgemeester van Smallingerland - H.M. Rex, 31.5.1968; K.A. (Ger. D.): Huwelijksregister, onder datum 23.5.1862.

25. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Onderhoude, VI, iii, 2: Mev. J.W. van Hoogstraten. Sy is 'n kleindogter van wyle Sytze en Harmke Wierda.

26. G.A. (SMA.), B.A.: Bevolkingsregister van Zuid-Drachten, 1861-1880, 2e Deel, p.306, Bevolkingsregister van Noord-Drachten, 1861-1880, 2e Deel, p.549; R.A. (F.), SMA 1864: Register voor de Aangaven van Geboorten, No. 24, p.9; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 9: Burgemeester van Smallingerland - H.M. Rex, 31.5.1968. In die Geboorten(register), SMA, 1864, no.24, p.9, vind ons die geboorteregistrasie van Pietertje Sytzes Wierda op 28.1.1864.

27. G.A. (SMA.), B.A.: Bevolkingsregister van Noord-Drachten, 1861-1880, 2e Deel, p.549, Bevolkingsregister van Zuid-Drachten, 1861-1880, 2e Deel, p.306.

28. G.A. (SMA.), B.A.: Bevolkingsregister van Zuid-Drachten, 1861-1880, 2e Deel, p.306; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 9: Burgemeester van Smallingerland - H.M. Rex, 31.5.1968. Uit sowel die bevolkingsregister as uit die kadaster van Drachten kan nie afgelei word waar die Wierda-gesin in Drachten presies gewoon het nie. In die bevolkingsregister word weliswaar 'n huisnommer aangegee maar ten gevolge van herhaalde omnommerings, waarby nie vermeld word

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



watter ou nommer die nuut genommerde perseel gedra het nie, kan daar op hierdie stadium nie meer nagegaan word in watter huise die Wierda-gesin in Drachten gewoon het nie, en of die huise wat hulle destyds bewoon het, vandag nog staan.

29. Hessel Noorderhaven: Het Departement Drachten van de Maatschappij tot Nut van 't Algemeen (Herdenkings= commissie: Smellingera-land, p.467).

30. H.P. Meppelink: Technisch Vakonderwijs Voor Jongens in Nederland In De 19de Eeuw, pp.18-23.

31. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 9: Burge= meester van Smallingerland - H.M. Rex, 4.3.1969; Herdenkingscommissie: Smellingera-land, pp.65-116 en 474; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 9: Burgemeester van Smallingerland - H.M. Rex, 4.3.1969, Bijlage 3,„Catalogus, Landbouwtentoonstelling 1853 te Drachten op woensdag en donderdag 29 en 30 juni 1853. Inzendingen D. Duursma." Onder sy naam verskyn 46 items. Die Burgemeester skrywe onder andere as volg: „Uw veronderstelling, dat Sytze Wierda zijn theoretische scholing ontving bij een plaatselijke architect, lijkt mij daarom wel gewettigd en als zoda= nig kan zeker de architect D. Duursma te Drachten hebben gefungeerd".

32. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 9: Burge= meester van Smallingerland - H.M. Rex, 4.3.1969.